

Inhoudsopgawe:

1. [Definisies](#)
2. [Aanhalings](#)
3. [Wat sê die Bybel?](#)
4. [So gebore?](#)
5. [Nie ontwerp vir homoseksualiteit](#)
6. [Gaan gepaard met seksuele losbandigheid](#)
7. [Kinders van gay paartjies](#)
8. [Selibaat leef?](#)
9. [Homoseksuele optrede](#)
10. [Benadering tot die homoseksuele persoon](#)
11. [Verskil tussen homoseksuele en heteroseksuele mense wat homoseksualiteit beoefen?](#)
12. [Voorbeelde van mense wat genees is van homoseksualiteit](#)
13. [Opsomming](#)
14. [Kyk ook](#)
15. [Voetnotas](#)
16. [Bylae A: Getuienisse van voorheen gay mense](#)

In die debat oor homoseksualiteit is dit baie belangrik om te onderskei tussen twee dinge:

1. Is homoseksualiteit sonde?
2. Wat is die benadering tot die homoseksuele persoon?

Dit moet apart bespreek word. Ek het al menigmaal ervaar dat 'n mens besig is om oor die eerste punt te gesels en dan word daar na punt 2 gespring. Dit skep verwarring en frustrasie. My ervaring is in elkgeval dat die meeste mense saamstem oor punt 2 - dit is nie nodig om dit baie te debateer nie.

1. Definisies

Eers 'n paar [definisies](#) :

- **Homoseksualiteit:** Die naam vir die onderwerp. Kan ook

"selfde-geslag-aangetrokkenheid" genoem word.

- **Homoseksuele persoon/oriëntering:** Mense wat aangetrokke voel tot mense van dieselfde geslag.

- **Homoseks:** Mense van dieselfde geslag wat homoseksualiteit beoefen. Volgens die Bybel is homoseks sonde. 'n Homoseksuele persoon of iemand met 'n homoseksuele oriëntering is nie opsig self sondig nie. Dit word eers sonde wanneer so 'n persoon sy homoseksualiteit beoefen.

2. Aanhalings

Die volgende is aanhalings wat op homoseksualiteit van toepassing is:

- Almost any behaviour begins to look normal if you are exposed to enough of it. ~ Marshall Kirk & Hunter Madsen

- Homosexuality is a condition; gay and lesbian is a decision. ~ Father Benedict Groeschel

- People drift along from generation to generation, and the morally unthinkable becomes thinkable as the years move on. ~ Francis Schaeffer

- We ignore the complete cultural implications of our faith and then we're shocked by the state of the culture. ~ Charles Colson

- None of these great civil rights leaders ever advocated for same-sex marriage as a fundamental human right because it isn't a fundamental human right. ~ Glen Stanton & Bill Maier

- The traditional family has never faced as great a threat as it does today from same-sex marriage. The goal of the homosexual agenda is to bury the traditional family. ~ Mathew D. Staver

Om homoseksuele neigings te hê is nie noodwendig sonde is nie, maar wel om dit uit te leef. 'n Mens kan hierdie vergelyk met mense wat 'n drankprobleem het of 'n oordrewe seksdrang na die teenoorgestelde geslag. So het ons elkeen maar seker ons swak punte. Maar net omdat iemand 'n begeerte het, beteken nie dat hulle mag toegee daaraan nie. Die feit dat jy 'n begeerte het, maak dit egter nie sonde nie, maar eers wanneer jy toegee daaraan. Hou egter altyd [Matteus 5:27-29](#) ingedagte.

3. Wat sê die Bybel

Wat sê die Bybel:

Die Bybel oor Homoseksualiteit*

Geskryf deur Daniel Louw

Sondag, 08 Augustus 2010 20:00

- Die Bybel verwys 7 keer na homoseks as sonde (kyk ook [Verskillende Bybels oor homoseksualiteit](#)):
 - [Genesis 19:5-7](#) : (5) Hulle het vir Lot geroep en vir hom gevra: "Waar is die mans wat vanaand na jou toe gekom het? Bring hulle uit na ons toe. Ons wil geslagsgemeenskap met hulle hê." (6) Toe het Lot na die mans van Sodom toe uitgegaan. Nadat hy die deur agter hom gesluit het, (7) het hy gesê: "Nee, vriende! Moenie so 'n verkeerde ding doen nie. (Hierdie kan egter geïnterpreteer word as verkragting en nie homoseksuele verhoudinge nie, maar hierdie word genoem in [Wat sê die Bybel...regtig?](#) Verder word die woord "[sodomie](#)" vandag algemeen gebruik om na nie-reproduktiewe seks te verwys, met ander woorde homoseksualiteit ingesluit.)
 - [Levitikus 18:22](#) : Jy mag nie 'n homoseksuele verhouding hê nie. Dit is 'n afstootlike sonde.
 - [Levitikus 20:13](#) : Twee mans wat homoseksueel verkeer, doen 'n afskuwelike sonde. Hulle moet doodgemaak word. Hulle verdien die dood.
 - [Rigters 19:22](#) : □ Net toe hulle begin vrolik raak, omsingel 'n klomp straatboewe van die stad die huis en hulle slaan op die deur. Hulle sê toe vir die ou man aan wie die huis behoort: "Bring uit die man wat in jou huis gekom het. Ons wil geslagsgemeenskap met hom hê." (Net soos Genesis 19:5 kan hierdie eerder geïnterpreteer word as verkragting en nie as homoseks nie.)
 - [Romeine 1:27](#) : Net so laat vaar die mans ook die natuurlike omgang met die vrou en brand van begeerte vir mekaar. Mans pleeg skandelikhede met mans en bring oor hulleself die verdiende straf vir hulle perversiteit. [\[1\]](#)
 - [1 Korintiërs 6:9-10](#) : (9)Of weet julle nie dat mense wat onreg doen, geen deel sal kry aan die koninkryk van God nie? Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen (10)of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpratere of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie.
 - [1 Timoteus 1:9-10](#) : (9)'n Mens moet onthou dat die wet nie vir die wetsgehoorsame bedoel is nie, maar vir mense wat hulle nie aan wet en orde steur nie, goddeloses en sondaars, mense sonder eerbied vir wat heilig en gewyd is, dié wat vader of moeder doodmaak, moordenaars, (10)ontugtiges, mense wat homoseksualiteit beoefen, ontvoerdere, leuenaars, dié wat meened pleeg of enigiets anders doen wat met die gesonde leer in stryd is.
 - Verder sê [Matteus 19:4-6](#) die volgende: (4)Hy het hulle geantwoord: "Het julle nie gelees dat die Skepper hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie? (5)Daarby het Hy gesê: 'Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe en hulle twee sal een wees.' (6)Hulle is dus nie meer twee nie, maar een. Wat God dan saamgevoeg het, mag 'n mens nie skei nie." God praat duidelik van 'n

Die Bybel oor Homoseksualiteit*

Geskryf deur Daniel Louw

Sondag, 08 Augustus 2010 20:00

man en 'n vrou en laat nie die opsie oop vir 'n verhouding tussen twee mans of twee vrouens nie.

- Dit lyk vir my of die Bybel baie duidelik is oor hierdie saak, selfs duideliker as oor [seks voor die huwelik](#)

. As 'n mens dus die Bybel anders kan interpreteer op hierdie verse, dan kan jy enigiets in die Bybel interpreteer net soos jy wil en net soos die modes verander. Douglas Kelly, 'n gereformeerde teoloog sê:

"I would simply suggest that to interpret 'very good' as including pre-Fall pain, death, etc. is simply inadmissible in terms of proper Hebrew exegesis. If one can turn a word (or two words— tobh me'od) upside down on its head to mean the exact opposite of what it clearly says, the authority of Scripture is a nose of wax to be shaped by the changing culture."

- uit

[Ross–Hovind Debate, John Ankerberg Show, October 2000](#)

. Hierdie aanhaling is wel van toepassing op dood voor die sondeval, maar mens kan dit ook hierop van toepassing maak.

- Daar word soms gesê dat die oorspronklike Hebreeus iets anders bedoel. Maar kon die Bybelvertalers hierdie gedeeltes werklik so verkeerd vertaal het? Ek koop dit nie. En dan moet ons baie versigtig wees om dinge wat baie jare gelede opgeskryf is, anders interpreteer as die mense wat baie nader aan daardie tye geleef het. Ek dink dit is eerder 'n kwessie van modes/sieninge wat verander wat 'n nuwe Bybelinterpretasie "vereis" (net soos sommige mense [Genesis 1-11 anders "interpreteer"](#) omdat die "wetenskap" dit vereis.)

- Ek sukkel om te glo dat daar sogenaamde "christen gay paartjies" bestaan. Hoe lees hulle die bogenoemde verse in die Bybel met 'n skoon gewete? Ware liefde vir God is gehoorsaamheid aan Hom ([1 Sam 15:22-23](#) , [Joh 14:15](#) , [Joh 15:10,14](#) , [Ps 40:7](#) , [Jer 7:22-23](#)

). Vandag het dit net te eenvoudig geword om sonde te aanvaar.

- God sê nie net dat dit sonde is nie, maar gebruik woorde soos: "afstootlike sonde", "afskuwelike sonde", "skandelikhede" en "perversiteit".

- Ons kan dit (net soos enigiets anders in die Bybel) nie net ignoreer nie – kyk [Openbaring 22:18-19](#)

- 'n Mens kan nie hierdie vergelyk met [1 Korintiërs 11](#) waar Paulus sê vroue moet hoede kerk toe dra en dit afmaak as nie meer van toepassing op ons vandag nie. Kyk

[Vrouens en Hoede](#)

vir meer hieroor.

- Dit is ook duidelik dat die Bybel dit nie slegs noem om losse sedes te veroordeel nie. Dit gaan duidelik oor seksuele verhoudings tussen mense van dieselfde geslag – maak nie saak of die twee getrou aan mekaar is of nie ([promiskuïteit](#)).

- God het (en sal) ook nie sy siening verander hieroor nie. Ons weet dat God nog altyd dieselfde was en is en sal wees (kyk [Ps 102:27](#) , [Maleagi 3:6](#) en [Hebreërs 1:12](#))

- Sommige mense redeneer dat daar homoseksualiteit tussen diere is en daarom is dit 'n natuurlike verskynsel. Maar diere loop ook kaal rond, het seks in die openbaar en ook met meer as een verskillende dier. Ons kan duidelik nie in hierdie geval na die diere kyk om ons te help hoe om die Bybel te interpreteer nie.

- Veronderstel dit is 'n sonde om 'n homoseksuele verhouding te hê, hoe moet die Bybel dit duideliker stel as tans?

Sommige mense wil redeneer dat homoseksualiteit nie in die 10 gebooië in [Eksodus 20](#) aangespreek word nie en daarom kan 'n mens nie noodwendig sê dat dit verkeerd is nie. Maar seks met diere word ook nie in die 10 gebooië bespreek nie en ek dink nie daar is kwessies hieroor nie. Soos seks met diere, was 'n homoseksuele verhouding nooit deur God bedoel nie. Beide hierdie sal onder die sewende gebod (jy mag nie egbreek pleeg nie) val, net soos [voorhuwelikse seks](#) ook.

4. So gebore?

Die nuutste wetenskaplike navorsing toon dat 'n mens nie so gebore word nie.

Identiese tweeling het dieselfde gene of DNS. As homoseksualiteit veroorsaak word deur genetica of prenatale voorwaardes en een van 'n tweeling is gay, moet die ander een van tweeling ook gay wees. Maar studies openbaar iets anders: As een van 'n identiese tweeling aangetrokke is tot dieselfde geslag is die kans dat die ander persoon van die tweeling dit ook het slegs sowat 11% vir mans en 14% vir vroue.

Die feit dat soveel homoseksuele mense genees word daarvan (kyk [Voorbeelde van mense wat genees is van homoseksualiteit](#)), is nog 'n bewys dat 'n mens nie so gebore word nie. Ek weet egter nie of homoseksuele mense net waarlik tot bekering moet kom en dan sal hulle weer regkom nie. Sielkundige behandeling gaan ook nie in alle gevalle help nie. En selfs al word mens homoseksueel gebore, kan morele waardes nie beïnvloed word deur biologiese afwykings nie – as iemand bv 'n geen het om ander mense dood te maak, kan 'n mens tog nie dit toelaat nie (kyk [Hermaphrodites and homosexuality](#)).

Mense wat in evolusie glo, gaan sukkel om te argumenteer dat mense homoseksueel gebore word. Indien die mens deur duisende jare van evolusie ontwikkel het, sou die homoseksuele geen nooit enige kans gehad het om te oorleef nie, want homoseksuele mense plant nie voor nie.

As mens [1 Korintiërs 6:9-11](#) lees en spesifiek kyk na vers 11, dan is dit duidelik dat daar mense was wat homoseksualiteit beoefen het, maar wat daarmee opgehou het en hulle sonde laat afwas het. Eers daarna is hulle vrygespreek:

1 Kor 6:11 : En so was party van julle juis ook. Maar julle het julle sonde laat afwas, julle is geheilig, julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God.

Kyk:

- [Nootste wetenskaplike navorsing oor homoseksualiteit \(mygenes.co.nz\)](#)
- [Gays were not created that way](#)
- [Homosexuality and the scientific evidence](#)
- [Identical twin studies prove homosexuality is not genetic](#) (navorsing deur dr Neil

Whitehead van Nieu Seeland)

- [Gay: So gebore?](#)
- [Homosexuality: Nature or Nurture?](#) , deur Alan Shlemon & Greg Koukl

As jy nie homoseksueel gebore word nie, hoe word 'n mens dan so?

Daar is 'n baie sterk tendens dat homoseksuele mense uit gebroke huise kom waar verwerping of seksuele mishandeling plaasgevind het of waar die pa afwesig was (kom weer neer op verwerping). Indien so 'n persoon dit nie regkry om die [mense te vergewe](#) wat hom/haar kwaad aangedoen het nie en in selfbejammering verval, gebeur dit soms dat dit omsit in homoseksualiteit. Gaan kyk na van die getuienisse van homoseksuele mense in [bylae A](#)

. In baie gevalle het daar genesing van homoseksualiteit plaasgevind slegs deur vergifnis (kyk bv

[How God healed me after cutting and burning myself](#)

).

Alle kinders uit gebroke huise word egter nie altyd homoseksueel nie. Dit is so dat sekere mense meer vatbaar is om homoseksueel te word. Maar jy word nie homoseksueel gebore nie.

5. Nie ontwerp vir homoseksualiteit

Dit is duidelik dat God nie die menslike liggaam fisiologies ontwerp het vir homoseks nie. Homoseksuele mans moet die rektum gebruik vir homoseks. Die rektum is glad nie ontwerp vir seks nie - die vagina wel.

Vroue moet hulle wend tot "gereedskap".

Verder dat die mens nie voortplant dmv homoseks nie.

Lees ook die volgende vir verdere grusame inligting en statistieke:

- [Medical Consequences of What Homosexuals Do](#)
- [Male Homosexual Behavior](#)
- [Homosexuality](#) (creationwiki.org)
- [If homosexuality is natural why isn't the anus made for sex?](#)

6. Gaan gepaard met seksuele losbandigheid

Statistiek en ondervinding wys dat homoseksualiteit gewoonlik met seksuele losbandigheid gepaard gaan. Kyk bv:

- [Homosexuality Facts and Fiction](#)
- [Creationism and the problem of homosexual behaviour](#)
- [Statistics on sexual promiscuity among homosexuals](#)

7. Kinders van gay paartjies

Sommige kinders van gay paartjies is glad nie ten gunste daarvan dat kinders by gay-paartjies bly nie. Kyk [Gay couples' children oppose same-sex marriage, tell of unpleasant upbringings](#) .

Kyk ook

[Gay-huwelike in kinders se belang?](#)

8. Selibaat leef?

Die vraag is: kan 'n mens dan van daardie mense verwag om [selibaat](#) te leef? Ek is bevrees die antwoord is “ja”. As 'n persoon dan nooit tot die punt kom om op persone van die ander geslag verlief te raak nie, dan moet 'n mens uit respek vir God en Sy Woord selibaat bly.

Is dit baie gevra? Nee.

- Daar word van alle ongetroue heteroseksuele mense verwag om selibaat te bly (kyk [Die Bybel oor seks voor die huwelik](#)). Skoliere en studente is op die piek van hulle seksuele ontwikkeling, maar niemand redeneer dat hulle van tyd tot tyd met 'n meisie of 'n prostituut kan slaap omdat hulle seksuele begeertes het nie. 'n Mens kan redeneer dat hierdie mense ten minste die vooruitsig het om te trou. Dit is waar, maar daardie vooruitsig help nie om die begeertes wat hulle op daardie stadium het te verminder nie. Hulle sit steeds met die drange.
- 'n Persoon binne 'n huwelik wat seksueel gefrustreerd is, het nie die reg om seksueel met iemand anders te verkeer met die verskoning dat hy/sy nie seksueel bevredig word deur sy/haar huweliksmaat nie.
- Daar is baie ander mense wat omstandighede het wat maak dat hulle nooit trou nie, soos mense wat blind of verlam is (of selfs lelik). Daar is ook baie mense wat baie graag wil trou, maar nooit die regte persoon ontmoet nie. Dit is interessant dat die Bybel dit op twee plekke eintlik aanmoedig om nie te trou nie sodat 'n mens meer op God se Koninkryk kan fokus:
 - Soos Paulus in [1 Korintiërs 7:24-40](#) sê. (Nie dat 'n mens enigsins hieruit kan aflei dat Paulus homoseksueel was nie, soos sekere mense wil beweer).
 - En ook Jesus self in [Matteus 19:11-12](#) .

Dus kan 'n homoseksuele persoon dit as 'n baie positiewe ding sien om nooit te trou nie sodat so 'n persoon sy volle aandag aan God se werk kan gee.

Gaan dit maklik wees om selibaat te bly? Nie noodwendig nie. [Hebreërs 12](#) is hier van toepassing:

- (4) Julle het nog nie so teen die sonde weerstand gebied dat dit vir julle 'n stryd om lewe of dood geword het nie.
- (9) Verder, ons het ons aardse vaders gehad wat ons getug het, en ons het vir hulle eerbied gehad. Sal ons ons nie nog des te meer aan die hemelse Vader onderwerp en lewe nie?
- (10) Ons vaders het ons wel 'n kort tydjie na hulle goëddunke getug, maar Hy tug ons tot ons beswil sodat ons in sy heiligheid mag deel.
- (11) Wanneer ons getug word, lyk die tug op daardie oomblik nie na iets om oor bly te wees nie, maar om oor te huil. Later lewer dit egter vir dié wat daardeur gevorm is, 'n goëie vrug: vrede omdat hulle gehoorsaam is aan die wil van God.
- (12) Versterk daarom die slap hande en die lam knieë
- (13) en loop die reguit pad. Dan sal wat lam is, nie uit lit raak nie, maar gesond word.

Ook:

[1 Johannes 5](#) :

- (3) Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam. Sy gebooie is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie,
- (4) want enigeen wat 'n kind van God is, kan die sondige wêreld oorwin. En die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het, is deur ons geloof.

Wat as God ons vra om alles prys te gee om Hom te volg? Jesus het in geen onduidelike terme gesê dat ons bereid moet wees om alles prys te gee om Hom te volg nie. Kyk bv:

- [Lukas 9](#) :23 Toe het Hy vir almal gesê: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis opneem en My volg,
- [Lukas 9](#) : (57) Terwyl hulle op pad was, sê iemand vir Hom: “Ek sal U volg waar U ook al gaan.” (58) Toe sê Jesus vir hom: “Jakkalse het gate en voëls het neste, maar die Seun van die mens het nie eens 'n rusplek vir sy kop nie.” (59) Aan 'n ander een sê Hy: “Volg My.” Maar hy antwoord: “Here, laat my toe om eers terug te gaan om my pa te begrawe.” (60) Toe sê Jesus vir hom: “Laat die dooies hulle eie dooies begrawe, maar gaan verkondig jy die koninkryk van God.” (61) Nog een het gesê: “Ek sal U volg, Here, maar laat my toe om eers my familie by die huis te gaan groet.” (62) Toe sê Jesus: “Iemand wat die hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk na wat agter is, is nie geskik vir die koninkryk van God nie.”
- [Lukas 14](#) : (26) “As iemand na My toe kom, kan hy nie my dissipel wees nie tensy hy

afstand doen van sy eie vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs van sy eie lewe. (27) Iemand wat nie sy eie kruis dra en agter My aan kom nie, kan nie my dissipel wees nie. (28) “Wie van julle wat 'n gebou wil oprig, gaan nie eers sit en die koste bereken, om te sien of hy genoeg geld het om die werk te voltooi nie? (29) Anders, as hy die fondament gelê het en nie in staat is om die gebou te voltooi nie, sal almal wat dit sien, met hom die spot begin dryf. (30) Hulle sal sê: ‘Hier is 'n man wat begin bou het maar nie kon klaar maak nie.’ (31) “Of watter koning wat met 'n ander koning in 'n oorlog betrokke raak, sal nie eers gaan sit en oorweeg of hy met sy tien duisend man sterk genoeg is om die ander een teen te staan wat met twintig duisend teen hom optrek nie? (32) Anders stuur hy 'n afvaardiging om vredesvoorwaardes te vra terwyl die ander een nog ver is. (33) “So kan niemand van julle my dissipel wees as hy nie bereid is om van al sy besittings afstand te doen nie.”

- [Matteus 19](#) :16-30 : Hierdie gedeelte handel oor die ryk jongman wat Jesus wou volg, maar wat nie van sy rykdom afstand wou doen nie.

9. Homoseksuele optrede

Sommige homoseksuele mense is uiters arrogant en misbruik soms hulle situasie: hulle val gewoonlik die kerk aan omdat die kerk hulle kwansuis nie aanvaar nie en vra maar net vir hulle plekkie in die son. Hulle kry hulleself vreeslik jammer dat hulle so verontreg word en is dikwels arrogant deur bv die kerk hof toe te sleep. Neem nou maar bv die saak van Johan Strydom: hy het [Moreletapark gemeente](#) gedagvaar omdat hulle hom afgedank het omdat hy 'n uitgesproke gay is. Kyk bv:

- [Gay wen teen kerk](#) (2008-08-30)
- [‘Kerk dalk nou in hof gepak’](#) (2008-08-29)

In Oktober 2009 dagvaar hy weer die tydskrif [Juig!](#) oor 'n artikel dat homoseksuele mense genees kan word van 'n homoseksuele oriëntasie. Kyk:

- [Hy Juig! nie oor kerktidskrif](#) (2009-10-24)
- [Juig! verkla oor vrykoop van gays](#) (2009-10-27)

Hierdie tipe optrede is nie die karakter wat Jesus aan ons openbaar het nie.

10. Benadering tot die homoseksuele persoon

Die benadering tot enige sondaar is die [Matteus 18-pad](#) . Nou dit is seker waar dat sommige

kerke die ding verkeerd hanteer het – sommige kerke het hulle miskien nie soos drankverslaafdes of mense met oorgestimuleerde seksdrange na die teenoorgestelde geslag hanteer nie (veroordeel die daad met liefde), maar oor die algemeen voel ek dat die kerk baie geduldig was/is met hierdie mense. Ek weet egter dat dit maklik is om te praat vir mense wat nie met so 'n probleem sit nie, maar dit is wat die Bybel ons leer. Vir die regte benadering tot die homoseksuele persoon, kyk [ds](#)

[Gideon Aggenbag se kommentaar op Diversiteitsforum op 2010-07-04](#)

of die boek,

[Die Trojaanse Perd in die NG Kerk](#)

, bl 68 onder "

[Benadering van die homoseksuele persoon](#)

".

Kyk ook [When Two Lesbians Walk Into a Church Seeking Trouble](#) of [What Happened at Gateway Church In Austin When Two Lesbians Walked In](#)

wat vertel hoe Amy en haar lesbiese vriendin na die Gateway kerk in Austin gegaan het om reaksie uit te lok. Stom was haar verbasing toe sy nie veroordeling ervaar het nie, maar liefde. Dit het op die ou einde veroorsaak dat sy tot bekering gekom het en genees is van haar homoseksualiteit. Haar homoseksualiteit was ook hoogs waarskynlik 'n gevolg van ervarings wat sy gehad het in haar kinderjare, wat weer bewys dat 'n mens nie so gebore word nie.

Kyk ook voetnota [\[2\]](#) .

Hoe benader 'n mens 'n persoon wat beweer dat hy 'n Christen is, maar in 'n homoseksuele verhouding is? Om hierdie vraag te beantwoord, kyk [Kan ons beweerde Christen gays veroordeel?](#) en [Wat van gay kerke?](#)

11. Verskil tussen homoseksuele en heteroseksuele mense wat homoseksualiteit beoefen?

Daar is mense wat redeneer dat daar 'n verskil is tussen homoseksuele mense wat homoseksualiteit beoefen en heteroseksuele mense wat homoseksualiteit beoefen. Hulle beweer dat eersgenoemde nie sonde is nie terwyl laasgenoemde wel sonde is. Die argument wat sulke persone gebruik is dat [Romeine 1:27](#) spesifiek noem van reedsgetroude mans en vroue wat homoseksualiteit beoefen en ook [Genesis 19:5-7](#) [G](#)

. Hulle beweer dat dit die enigste plekke in die Bybel is wat 'n definisie gee van wat die Bybel bedoel dat homoseks sonde is en dat die ander 4 dele in die Bybel, waar homoseksualiteit

genoem word, ook so geïnterpreteer moet word. Daar is egter 'n paar probleme met hierdie siening:

- Hoe het dit gebeur dat mense onder die “wan”-indruk gekom het dat alle homoseks verkeerd is en nie net homoseks tussen heteroseksueles nie? Die kerk het immers nog altyd geglo dat alle homoseks sonde is. Dit is eers onlangs wat hierdie bevraagteken is.
- Sou mense volgens Levitikus 18:22 en 20:13 geweet het dat homoseks tussen homoseksueles nie sonde is nie, maar dat dit wel sonde is as heteroseksueles homoseksualiteit beoefen? Ek dink nie so nie. 'n Mens kan glad nie hierdie afleiding uit Lev 18 en 20 maak nie. Die implikasie is dat mense vir ongeveer 1550 jaar (die uittoeg uit Egipte was 1491 vC en Paulus was 'n Christen van 35 tot 66 nC - $1491+59=1550$) onder 'n wanindruk geleef het.
- Die Bybel praat net negatief van homoseksualiteit. Nêrens praat die Bybel van gesonde homoseksuele huwelike/verhoudings wat tot eer van God is nie.
- Dit is onseker of mens iets oor homoseksualiteit kan aflei uit Genesis 19:5-7 omdat daar van verkragting gepraat word – nie die beoefening van homoseksualiteit tussen heteroseksueles nie.
- Romeine 1:27 praat inderdaad van homoseks tussen heteroseksueles, maar 'n mens kan nie hieruit aflei dat dit ook die geval is in die ander 4 verwysings in die Bybel nie. Romeine 1 gee nie 'n definisie van wat homoseksualiteit is nie – dit skets bloot 'n scenario. Al wat jy hieruit kan aflei is dat homoseks tussen heteroseksuele persone verkeerd is.

Volgens die 6 gedeeltes oor homoseksualiteit in die Bybel is die duidelike gevolgtrekking dat die Bybel teen die beoefening van alle homoseksualiteit is, of dit tussen homoseksueles of heteroseksueles is.

12. Voorbeelde van mense wat genees is van homoseksualiteit

In [bylae A](#) word 'n lys gegee van voorbeelde van homoseksuele mense wat genees is van homoseksualiteit. Let daarop dat in baie gevalle daar 'n geskiedenis van een of ander aard was. Die feit dat soveel homoseksuele mense genees word van homoseksualiteit is ook 'n bewys dat 'n mens nie so gebore word nie. Kyk ook [Former Homosexuals do Exist in South Africa](#)

As jy ook die begeerte het om bevry te word van homoseksualiteit en jy het hulp nodig daarmee, kontak gerus [New Living way Ministries - Caring for Gays](#) .

13. Opsomming

Die Bybel in Praktyk, 1993 sê die volgende oor Romeine 1:27 en is eintlik 'n baie goeie opsomming van hierdie hele kwessie:

"Paulus noem hier twee voorbeelde van wat die uiteinde is as die mens aan homself oorgelaat word, naamlik homoseksuele en lesbiese verhoudings. In die destydse samelewings het homoseksualiteit hoogty gevier, en is dit selfs as lofwaardig beskou. Daar is deesdae al meer voorstanders van die gedagte dat homoseksualiteit 'n aanvaarbare alternatiewe lewenswyse moet wees, en dat dit aan die vrye keuse van elke individu oorgelaat moet word. Dit is egter uit die Bybel duidelik dat iemand wat vrye teuels aan homoseksuele neigings gee, sonde doen (vgl Lev 18:22; 1 Kor 6:9-11). Uit Romeine 1:24-32 blyk dit dat net mense wat God nie erken nie, hulle natuurlike geaardheid die maatstaf maak vir wat vir hulle aanvaarbaar is en wat nie. Die Here gee ons juis opdrag om dit wat ons van nature wil doen, eers te toets aan wat Hy wil hê, en as dit die toets nie slaag nie, mag mens nie daaraan toegee nie. As jy dus ongeoorloofde seksuele begeertes het, moet jy weerstand daarteen bied. Bly weg van mense, plekke en situasies wat jou in die versoeking gaan bring. Moenie jou eie krag oorskat nie. As jy iemand is wat in hierdie opsig gesondig het, weet dat ons Here seksuele sondes net soos enige ander sondes vergewe. Neem sy liefdevolle genade aan en vra Hom om vir jou te wys hoe om van die sonde los te kom en in Hom vry te word. Gebed, Bybelstudie en sterk persoonlike bande met ander opregte gelowiges kan jou in staat stel om te breek met die sondige praktyk. Moet ook nie huiwer om by 'n betroubare professionele persoon soos 'n pastorale sielkundige om hulp te gaan aanklop nie. Dit kan die wyse wees waarop God jou wil verlos van jou verslawing aan hierdie sondige seksuele praktyk."

14. Kyk ook

- [Google "testimony forgive rape"](#)
- Die boek, [Die Trojaanse Perd in die NG Kerk - die kanker van evolusie en liberalisme](#), hoofstuk 4.
- [The Bible and Homosex \(Peet Botha\)](#) of [HIER](#).
- [HOMOSEKSUALITEIT EN HOMOSEKS: Die verstaan daarvan, die Bybel daaroor en die kerk se omgang daarmee](#) (Gideon Aggenbag)
- [Morality and Ethics Questions and Answers](#)
- [Response to 'gay marriage' article objections; CMI shows questioner that Christian faith is logical](#)
- Die boek *The Pink Agenda: Sexual Revolution in South Africa and the ruin of the Family* deur Christine Mc Cafferty met Peter Hammond
- [Brief aan 'n gay](#) (Nico van der Walt)
- [What does the Bible really say about homosexuality?](#)
- [What does the Bible say about homosexuality](#)

- [Latest NIV Bible Translation Clearer on Homosexual Sins, Says Theologian](#)
 - [Homosexual Myths](#)
 - [Die Bybel oor...](#)
 - [Die Bybel oor selfverdediging](#)
 - [Die Bybel oor slawe](#)
 - [Die Bybel oor doodstraf](#)
 - [Die Bybel oor oordeel](#)
 - [Die Bybel oor seks voor die huwelik](#)
-
- [NG Sinode: Verslag oor homoseksualiteit](#) (Die 2007 NG Kerk besluit oor homoseksualiteit)
 - [Herstel tot heel](#) (*Juig!*)
 - [Audacity movie](#) (deur [Ray Comfort](#))

15. Voetnotas

[1] Kyk wat die Bybel in Praktyk sê oor Romeine 1:27 onder "[Opsomming](#)".

[2] Kyk ook [Homosexuality in the Family](#) en [Ex-Lesbian Christian Proposes 'Radical Way of Reaching Out' to LGBTs](#)

16. Bylae A: Getuienisse van voorheen gay mense

Hier volg 'n lys van getuienisse van mense wat homoseksueel was wat hulle homoseksuele leefstyl laat vaar het (as sommige van die skakels nie meer werk nie, probeer die titel van die video te google):

- [100 EXhomosexual video testimonies](#)
- [Former Lesbian Reveals the Real Reason She Was Drawn to the Gay Lifestyle](#) (Christine Sneeringer)
- [And Such Were Some of You](#) (versameling getuienisse)
- [Homoseksualiteit, die oorsprong en die oorwinning daarvan](#) - Radio-onderhoud met Dehan Vermeulen en sy ma.

Die Bybel oor Homoseksualiteit*

Geskryf deur Daniel Louw

Sondag, 08 Augustus 2010 20:00

- Sy Rogers: Kyk www.syrogers.com en [God's cure for gays lost in sin](#) .
- Matt Moore: www.moorematt.com , [Can you be a 'gay Christian'?](#) (Youtube video 21 MB), [Why People are Gay di Matt Moore](#) (28 MB)
- Michael Glatze: ['Gay'-rights leader quits homosexuality](#) en [How a 'gay rights' leader became straight](#)
 - [Ex gay testimony](#)
 - [Personal testimony - former lesbian - Cindy Hinsch](#)
 - [Pastor Jim Domen's ex gay testimony & story](#)
 - [Dianne Partian: freed from lesbianism](#)
 - [Ex-gay testimony former lesbian magazine publisher Charlene Cothran](#)
 - [Ex-gay testimony: Danny Wallace](#)
 - [Ex-gay testimony: Christopher Yuan](#)
 - [Ex-gay testimony: Nathanael Flock](#)
 - [Ex-gay testimony: Janet Boynes Lesbian Lifestyle Left Behind](#)
 - [Ex-gay testimony: Vicki Duffy](#)
 - [Ex-gay testimony: Melissa Fryrear](#)
 - [Ex-gay testimony: AJ Nichols](#)
 - [Mike Haley](#) (15MB)
 - [What has been my Biggest Struggle? \(Ex-Stud,Ex-homosexual\)](#) (36MB): In hierdie video sê die persoon dat mense dink dat homoseksualiteit haar grootste probleem was. Dit is egter nie so nie. Haar homoseksualiteit was slegs 'n resultaat van haar probleem, naamlik identiteit en [onvergifnis](#) . Die oorsprong van hierdie probleme was dat sy seksueel gemolesteer was.
- [Ex-gay man: 'Homosexuality is just another human brokenness'](#) (Dean Bailey)
- [Jesus Christ Saved Me from 27 Years of Homosexuality](#) (David) en op [Youtube](#) .
- [Do People Change from Homosexuality? Hundreds of Stories of Hope and Transformation](#)